***ELJADA HUIS MSW***

MAATSKAPPY SONDER WINSOOGMERK

28 November 2012

Dagsê Almal

Die vakansie is op hande en ons dankbaarheid is baie groot vir die ekstra geldjie wat die werklose vroue gaan verdien met die maak van die kussings. Die huis is vol stemme want ons het nog 'n hele paar ekstra hande bygekry. Die nuwe gesiggies is Michelle, Rosa, Liza en Katrien. So voorsien die Here in al ons behoeftes op die regte tyd. Afsluit tyd vandag staan die bestellings reeds op 390. Ek berei egter voor om 500 klaar te maak teen sluitingstyd 14 Desember. Indien u wil bestel stuur asseblief 'n epos aan faithduriekussings@gmail.com.

Ons TV verskyning kan ook gesien word by die volgende webadres http://kyknet.dstv.com/2012/11/19/dknt-gospel-18-november-2012-gebedskussings/

Hettie en Jennie is 'n tweeling en bly saam met hul mans en kinders by Hettie se stief skoonpa in die huis maar die oom is baie moeilik en laat hulle nie toe om sy stoof te gebruik nie. Hulle het dus 'n groot probleem om oor naweke kos te maak. Veral die komende tyd wanneer hulle nie bedags hierheen kan kom om dan klaar voorbereide kos huis toe te neem nie. Indien u hulle dalk kan help met 'n gasbottel en plaat kan hulle darem die vakansie self kos maak. Baie dankie by voorbaat.

Ek loof en prys die Here weereens vir al die seëninge wat so ruim en liefdevol oor hierdie huis uitgestort word want ons kombuiskaste het weer byna vol geraak die afgelope week. Ons kort egter steeds margarien, boksmelk, kondens-melk, blikkieskosse soos vleis, vis en groente, aanmaak koeldrank, koffie, suiker, en vir die badkamer - toiletpapier, sjampoe, spuitgoed en aanrol vir mans en vroue asook handeroom. Kerse sal ook baie welkom wees veral omdat die krag so duur geword het.

Eljada Huis groete. Annatjie